

Demokrasie in Afrika

Ursula van Beek*

Die Internasionale Dag van Demokrasie, wat jaarliks op 15 September herdenk word, is in 2007 deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies verklaar om die aandag op die viering van demokrasie wêreldwyd te vestig. Die verklaring het dit duidelik gemaak dat hoewel demokrasie baie algemene kenmerke gemeen het, daar geen enkele, perfekte model is nie. Dit staan elke streek en land vry om hul eie politieke en ekonomiese demokratiese stelsel en modus van deelname aan die openbare lewe te bepaal.

Dit laat die vraag ontstaan oor hoe demokrasie in ons eie streekskonteks verstaan en geïmplementeer word.

Die een gemeenskaplikheid waaroor daar algemeen saamgestem word, is dat demokrasie 'n politieke stelsel is waarin mense hul eie leiers kies. Afgesien daarvan is die konsep in alle wêrelddele baie omstrede. Een van die redes vir hierdie omstredenheid is juis omdat demokrasie verskillend verstaan en toegepas word in die uiteenlopende politieke, sosiale en kulturele kontekste van individuele lande. Daarbenewens speel demokrasie hom af op die gebied van politiek waar daar 'n botsing is tussen die mededingende kragte van die samelewing en die gevolge wat almal ervaar.

In Afrika draai die bespreking rondom twee hoofvrae: Is demokrasie 'n koloniale las? En is 'n stelsel wat die individuele beklemtoon, geskik vir die gemeenskaplike identiteit in Afrika?

Die woord 'demokrasie' is inderdaad ingevoer en het in antieke Griekeland ontstaan. Maar demokratiese werkswyses as 'n vorm van sosiale interaksie het reeds vóór kolonialisme in gemeenskappe in Afrika in die vorm van dorpsvergaderings bestaan waar daar gedebatteer en gesamentlike besluite oor die sake van die onderskeie dorpsgemeenskappe geneem is. Een van Afrika se groot politieke filosowe, Claude Ake, herinner ons juis daaraan dat tradisionele Afrika-stelsels deurtrek is met gemeenskaplike bewustheid, met die klem op deelname en, veral belangrik, die verantwoordbaarheid van opperhoofde wat die gevaar loop om van hulle mag ontnem te word.

Gegewe hierdie gemeenskaplike deelnemende karakter, kan daar geredeneer word dat 'n beraadslagende soort demokrasie meer geskik vir Afrika sou wees as een wat op veelparty-mededinging gegrond is. En tog is dit duidelik uit Afrobarometer se bevindings dat hoewel die meeste Afrika-samelewings inderdaad baie waarde aan konsensuele demokrasie heg, daar ook 'n wydverspreide verbintenis tot verteenwoordigende regering is, hoewel dit een is wat die omvang van veelparty-politieke mededinging beperk.

So, in teenstelling met sommige skeptiese aannames oor die sogenaamde uitheemse karakter van demokrasie, het lande reg oor die hele vasteland dit geredelik as 'n politieke regeringstelsel aangeneem in die nasleep van dekolonisering en toe weer ná die val van kommunisme in die Sowjetunie en regdeur die Sowjetblok.

Ten slotte ...

Demokrasie het in Suid-Afrika aangebreek en is regoor die wêreld as 'n baken van hoop vir die mensdom oor die algemeen gesien: As die diep verdeelde Suid-Afrika dit kon doen, kan enige ander land in die wêreld dit ook regkry.

Ongelukkig heers die geluksaligheid van vroeër nie meer nie.

Want sodra demokrasie bereik is, verwag landsburgers dat hulle swaargewonne oorwinning vrugte sal afwerp en 'n beter lewensgehalte sal bring. En in 'n demokrasie het hulle die reg om te verwag dat die regering wat hulle in die vrye verkiesings verkies het, aan hulle basiese behoeftes en eise sal voldoen.

Wanneer burgers egter toenemende stygende ongelykheid, armoede, onaanvaarbare vlakke van werkloosheid, beurtkrag en infrastruktuur wat in duie stort, ervaar en met buitensporige misdaad en geslagsgebaseerde geweld moet saamleef, sal vertroue in die regeerders waarskynlik verdwyn. En sonder vertroue in leiers begin die fundamente van demokrasie verkrummel. Dit gebeur wanneer politici hulle mag eerder tot hulle eie voordeel as tot die voordeel van diegene wat hulle veronderstel is om te verteenwoordig en te dien, aanwend. In daardie stadium maak die regering se vertoning meer saak – selfs al is basiese grondwetlike, demokratiese instellings steeds in plek, soos in Suid-Afrika die geval is.

Daar is geen maklike oplossings nie en geen verdere leë beloftes kan die situasie omkeer nie. Die enigste oplossing is 'n omvattende herstrukturering van die ekonomie wat op grootskaalse ekonomiese groei en werkskepping fokus. Die herstel van die ekonomie en die opbou van die infrastruktuur moet met die verbetering van veiligheid en die strafregstelsel gepaard gaan om wet en orde te handhaaf sodat burgers weer kan veilig voel.

Hiervoor is toegewyde leiers nodig. Die glorie van demokrasie is dat burgers sulke leiers deur die stembus kan verkies. Ten einde goeie leiers te kies, moet verantwoordelike demokratiese burgers weet wat hulle regte is, wat aandagtig na debatte luister, wat by burgerlike organisasies betrokke raak en wat sodoende die moed van hul oortuiging kan ontwikkel.

In hierdie proses sal dit ons almal tot voordeel strek om onself aan St Augustinus se woorde van meer as 1 500 jaar gelede te herinner: "In die huis van die regverdige is diegene wat beveel, in diens van diegene wat die bevel ontvang. Hulle beveel inderdaad nie omdat hulle 'n voorliefde vir oorheersing het nie, maar omdat hulle 'n begeerte het om hulleself te gee; nie omdat hulle trots is daarop om leiers te wees nie, maar omdat hulle besorg is daarvoor om vir almal te voorsien."

***Prof Ursula van Beek is die direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) by die Universiteit Stellenbosch.**